Horison Preprimêr
Ons Koester

Weaverstraat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
PostNet Suite #78, Private Bag X1
Florida Hills, 1716
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

Geagte Ouers

Baie dankie dat u Horison Preprimêr gekies het om u kind by ons in te skryf. Dit sal vir ons werklik 'n voorreg wees om u kleuter te koester en te help ontwikkel binne 'n holistiese raamwerk, dit wil sê om u kind in GEHEEL te ontwikkel.

**Ons kleuterskool spreek drie vlakke van ontwikkeling aan deur middel van drie graadgroepe:**

| | | |
|---|---|---|
| Graad RRR | = | Graad RRR / 3-4 jariges |
| Graad RR | = | "Reaching for Readiness" / 4-5 jariges |
| Graad R | = | "Readiness year /Reception year" / 5-6 jariges |

Ons sien daarna uit om u en u kleuter op **Woensdag 14 Januarie 2026 om 08:00** te ontvang Daar sal leiers wees wat u na u kleuter se klas toe sal vergesel. Kleuters kan dan direk na hulle klasse toe gaan.

Indien u enige verdere navrae het, is u welkom om die volgende persoon te kontak:

Me. Bernice Coetzer - 081 503 7566

U is ook welkom om my as hoof, Mnr. Deon van der Walt te kom besoek, my deur is altyd oop vir u. Skakel die skool gerus en maak 'n afspraak by ontvangs.

**Net 'n vriendelike versoek:**

Indien u nog nie 'n afbetalingsooreenkoms voltooi het nie, moet u dit asseblief so gou moontlik by ons boekhoudster Me. Amanda Wentzel kom doen. Ons sal dit baie waardeer indien u van die debietorderstelsel gebruik sal maak. U kan die nodige vorms by Me. A. Wentzel voltooi.

***Registrasiefooie vir 2026:*** Indien u nog nie u kleuter se **R1000.00** registrasiefooi betaal het nie, kan u dit by die finansiële kantoor (011) 763-5617/8 betaal of inbetaal by **ABSA Horison / 630841 / Lopende rekening** / **0330714603** *met die kind se naam en van en 2026 as verwysing*.
***Die registrasiefooi sluit 2 skoolhempies in.***

## *Nogmaals baie welkom by Horison Preprimêr!*

## ALGEMENE REËLINGS VIR GRAAD R, GRAAD RR EN GRAAD RRR

# BAIE WELKOM AAN ELKE NUWE OUER EN LEERDER!



## EERSTE SKOOLDAG: WOENSDAG, 14 JANUARIE 2026

- Die Graad R kleuters van me. Felicity Erasmus en me. Toeks Mans word by die groot hek in Weaverstraat naaste aan die Graad R-parkie in die oggende afgelaai, en weer in die middae opgelaai.

- Die Graad RRR kleuters van me. Kirsten Schonken, Graad RR kleuters van me. Kayla Teixeira en me. Sanet Dippenaar asook die Graad R kleuters van me. Joané Dreyer, word by die klein hekkie in Weaverstraat naaste aan die hoofingang afgelaai.

- Daar sal leiers wees wat u na u kleuter se klas toe vergesel.
- Die kleuters verdaag om 13:00 en u moet asseblief u kleuter by die onderskeie hekke soos bo genoem afhaal indien hy/sy nie na die Naskoolsentrum toe gaan nie.
- Die benodigdhede, soos deur u aangekoop moet asseblief **eers** op die eerste Vrydag, nadat die skool heropen het op 16 Januarie 2026 skool toe gestuur word en alles moet duidelik met u kleuter se naam op gemerk word.

## NASKOOLSORG VIR GRAAD RRR EN GRAAD-RR KLEUTERS



**OPSIES EN FOOIE**

- **OPSIE 1 VIR GRAAD, R, RR EN RRR (2026)**
  Halfdag vanaf 08:00 -13:00. Die leerders bring nog steeds hulle kosblik vir happietyd ongeveer 10 uur en die koste is R 21682.00 per jaar. Dit word opgebreek in 'n registrasiefooi van R1000 en 'n afbetaling van R 1880.18 per maand oor 11 maande. Hierdie leerders word dus afgehaal om 13:00.

- **OPSIE 2 VIR GRAAD RR EN RRR (2026)**
  Voldag vanaf 08:00-17:30. Die leerders bring nog steeds kossies vir happietyd om ongeveer 10 uur. Hulle ontvang dan ook iets te ete na 13:00 asook 'n laatmiddag versnapering. Hulle koste is R 34123.00 per jaar wat opgebreek word in R 1000.00 registrasiefooi en 'n afbetaling van R 3011.18 per maand oor 11 maande. Hierdie diens sal oop wees tydens die normale skoolvakansies in die jaar, maar sal tydens Desember / Januarie skoolvakansies gesluit wees.

**VIR ALLE NAVRAE KONTAK JUFFROU BERNICE COETZER BY 081 503 7566**

## NASKOOLSORG / STUDIESENTRUM VIR GRAAD R-KLEUTERS

Vir alle nasorgreëlings kontak me. A. Vermeulen 079 517 8914.
Naskool personeel ontvang die Graad R kleuters om 13:00 in die middae by hulle onderskeie klasse, waarna hulle na die Graad R parkie en klas toe beweeg. Kleuters eet, speel en doen verskeie aktiwiteite in die parkie. Tye van die naskool is van 13:00-18:00.

## SKOOLDRAG VIR KLEUTERS

Skooldrag bestaan uit 'n Horison swart skoolhemp en swart kortbroek vir die somer. Daar is 'n swart sweetpak vir die winter beskikbaar met die swart skoolhemp.

## SKOOLDRAG VIR KLEUTERS: VERSKAFFERS

**Skoolklerewinkel (op die skoolperseel)**

| | | |
|---|---|---|
| Maandae | 14:00 - 17:00 | |
| Woensdae | 14:00 - 17:00 | |
| Vrydae | 13:00 - 14:00 – Slegs op afsprake. | |
| Afsprake: | | |
| Desember | Saterdag, 6 Des | 09:00 – 12:00 |
| 2025 | Maandag, 8 Des | 14:00 – 17:00 |
| | Dinsdag, 9 Des | 14:00 – 17:00 |
| | Donderdag, 8 Jan | 14:00 – 17:00 |
| Januarie 2026 | Vrydag, 9 Jan | 14:00 – 17:00 |
| | Saterdag, 10 Jan | 09:00 – 12:00 |
| | Maandag, 12 Jan | 14:00 – 17:00 |
| | Woensdag, 14 Jan | 14:00 – 17:00 |
| | Vrydag, 16 Jan | 14:00 – 17:00 |
| Eerste Saterdag van elke maand – slegs op afspraak | | |

Kontant, Debiet of kredietkaart betalings is welkom.

Stuur asseblief 'n Whatsapp na 076 337 8541 en me. Natasha Hattingh sal u tussen 14:00-17:00 antwoord en 'n afspraak reël.

Ons spasie in die Klewewinkel is beperk en daarom werk ons op afsprake.

**AMOD AND SONS**
Commissionerstraat 191
Burgershoop, KRUGERSDORP
**TEL: (011) 660-2917**

**ANTOINETTE'S UITRUSTERS DEUR SAFETEQ SCHOOL WEAR**
Hermine Lourens
Ontdekkersweg 44, Princess, ROODEPOORT, 1724
**SEL: 076 997 4557**

**VIVA SPORT**
Muhammed Seedat
H/v Olivierstraat 10 en The Highway, FLORIDA
**TEL: (011) 672-7562**

**FRIENDLY HOUSE**
Mohammad Abbas
Shop 11b, Van Wykstraat, ROODEPOORT
**TEL: (011) 763-2566**

## VRYDAE – DENIMDAG

Elke Vrydag is Denimdag by die skool. Kleuters betaal R2.00 en trek dan 'n denim aan met 'n swart skoolhempie wat by die skool se klerewinkel beskikbaar is. Dit is vooruit betaalbaar.

## SKOOLTYE

Maandag tot Vrydag: 08:00 – 13:00
Die dagprogram begin stiptelik om 8:00.
**<u>Oggend wagklas</u>**: 06:00 – 07:00 in die Mediasentrum. Om 07:00 vat die dames hulle dan na hulle klasse toe.



**Middag wagklas**: Daar is wagklasse tot 14:00 (Van Maandae tot Donderdae) by sy/haar juffrou, indien u kind wag vir 'n ouer boetie of sussie.

## BUITEMUURSE AKTIWITEITE BINNE SKOOLVERBAND



Die volgende sportaktiwiteite word slegs vir die Graad R-kleuters, op Dinsdae en Donderdae aangebied in die middae op die sportvelde.

| | | |
|---|---|---|
| Atletiek | o/6 | seuns en dogters |
| Mini-Netbal | o/6 | dogters |
| Mini-Hokkie | o/6 | dogters |
| Mini-Krieket | o/6 | seuns |




Oefening vir bogenoemde vind plaas vanaf 13:10-13:55 in seisoen tyd.

TAU-Rugby o/6


Oefening vir TAU-Rugby vind plaas in die middae vanaf 17:00-18:00 in die rugby seisoen.

## SNOEPWINKEL



Kleuters kan op die volgende dae kos, lekkers of koeldrank koop. Graad RRR en Graad RR kleuters op Woensdae. Graad R kleuters op Donderdae. U moet asseblief u kleuter se snoepiegeld in 'n beursie, sakkie of koevert plaas met u kleuter se naam en graadgroep op. Stuur ook op die dae vir u kleuter 'n inkopiesakkie met u kleuter se naam daarop saam, om hul aankope daarin te sit sodat dit nie val of verlore raak nie. Die inkopiesakkie bly by die skool.



## FACEBOOK EN WEBTUISTE

**Laerskool Preprimêr het 'n Facebookblad en Webtuiste. Gaan "LIKE" asb. die Facebookblad en gaan besoek gerus ons Webtuiste.**

**https://www.facebook.com/SonskynlandHorisonPrePrimêr/**

**https://www.sonskynland.horison.co.za**

## WHATSAPP GROEPE

Daar is amptelike WhatsApp-groepe per graad in die skool, om ons kommunikasie nog verder te verbeter. Ouers wat nog nie op die stelsels geregistreer is nie, moet asseblief me. Sophie Grunow by die skool skakel. Ouers van leerders wat te jonk of te oud is vir hulle graad, moet ook by die graadgroep van u kind se ouderdom registreer asseblief. As u kind byvoorbeeld in Graad R is, maar hy/sy is o/7 en neem deel aan sport vir die o/7-groep, moet u ook by die Graad 1-groep registreer om sodoende die o/7 se sportinligting te kry.

| | | |
|---|---|---|
| **Graad R o/6** | **Graad 3 o/9** | **Graad 6 o/12** |
| **Graad 1 o/7** | **Graad 4 o/10** | **Graad 7 o/13** |
| **Graad 2 o/8** | **Graad 5 o/11** | |

## GRAAD 7 2025

## GRAAD 6 2025

## GRAAD 5 2025

## GRAAD 4 2025

## GRAAD 3 2025

## GRAAD 2 2025

## GRAAD 1 2025

## GRAAD R 2025

## GRAAD RR 2025

## GRAAD RRR 2025

## GRAAD LSEN 2025

**PUBLIEKE VAKANSIEDAE – 2026**



| | |
|---|---|
| 01 Januarie | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart | Menseregtedag |
| 03 April | Goeie Vrydag |
| 06 April | Familiedag |
| 27 April | Vryheidsdag |
| 01 Mei | Werkersdag |
| 15 Junie | Skoolvakansiedag |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 09 Augustus | Nasionale Vrouedag |
| 10 Augustus | Skoolvakansiedag |
| 24 September | Erfenisdag |
| 16 Desember | Rekonsiliasiedag |
| 25 Desember | Kersfees |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |

Vir navrae oor finansies en registrasie, kan u 'n e-pos rig aan finansies@horison.co.za
Vir enige ander navrae, kan u 'n e-pos rig aan hoof@horison.co.za.

**NOGMAALS WELKOM BY LAERSKOOL PREPRIMÊR. MAG U EN U KLEUTER DIT BELEEF WAT U IN DIE VOORUITSIG GESTEL HET TEN OPSIGTE VAN DIE OPVOEDINGSGELEENTHEID BY DIE SKOOL.**

# GRAAD RRR EN GRAAD RR SKRYFBEHOEFTELYS 2026

Geagte Graad RRR en Graad RR-ouers van 2026




**Alle onderstaande benodighede moet asb. deur die ouers voorsien word en duidelik gemerk word.**

## JAARLIKSE BENODIGDHEDE:

- Tassie met ritssluiter, groot genoeg om kosblik met gesonde kos, 'n vrug, vrugtesap en 'n broodjie in te sit. **Geen lekkernye word toegelaat nie.**
- Foto van hom/haarself – (Poskaartgrootte) 15cm x 10cm.
- Een 24 en 36 stuk legkaart Gr. RR – **nie te veel detail op prentjie nie.**
- Een 12 en 24 stuk legkaart Gr. RRR – **nie te veel detail op prentjie nie.**
- Legkaart asb. in 'n kartonhouer / blikkie, elke stuk gemerk met kleuter se naam op – **geen houtlegkaart in 'n raam nie.**
- 2 x Pakkies pleisters
- 2 x Houers vloeibare seep
- 2 x Pakke sneesdoekies.
- 2 x Pakke "Wet Wipes"
- Matrasslopie – 62cm x 122cm. Moet pas soos 'n kussingsloop.
- 1 3L x Deursigtige houer (West Pack) met toeknip deksel vir skryfbehoeftes. (sit asb. 1 x gom, 1 x skêrtjie en vetkryte reeds in die houer.)







## KWARTAALIKSE BENODIGDHEDE:

- 1 Pak lekkers – Smarties / Jelly Tots / Malvalekkers / Jellie Babies / Fizzers
- 1 Pak koekies – Mariebeskuitjies / Wafers / Tennisbeskuitjies / Vingerbeskuitjies
- 2 x Handdoekpapierrolle

## SKRYFBEHOEFTES: **MERK ASSEBLIEF ALLE ONDERSTAANDE ITEMS DUIDELIK.**

1 Riem wit A4 fotostaatpapier
2 x Groot stafies Pritt
1 x Skêr
2 Pakke dik vetkryte
1 x Houer Ponal gom
1 x Toeknip A4 gekleurde sakkies
1 x Waterverf






1 x 2L Roomysbak met speeldeeg.
**GEBRUIK RESEP ONDER:**

**<u>SPEELDEEG RESEP FLOPVRY</u>**
500ml Koekmeel
200ml Sout
20ml Kremetart
**MENG ALLES SAAM EN VOEG BY:**
500ml Water
30ml Olie

# GRAAD R SKRYFBEHOEFTELYS 2026

Geagte Graad R-ouers van 2026




**Alle onderstaande benodigdhede moet asb. deur die ouers voorsien word en duidelik gemerk word.**

**JAARLIKSE BENODIGDHEDE:**

- Tassie, groot genoeg om kosblik met gesonde kos, 'n vrug, vrugtesap en 'n broodjie in te sit. **Geen lekkernye word toegelaat nie.**
- Foto van hom/haarself – **Poskaartgrootte 15cm x 10cm.**
- Een 60 of meer stuk legkaart in 'n houer of blikkie, elke stuk gemerk met kleuter se naam op. Geen houtlegkaart in 'n raam nie.
- 2 x Pakke sneesdoekies.
- 2 x Pakke pleisters
- 2 x Houers vloeibare seep
- 2 x Pakke "Wet Wipes"
- 2 x Rolle Handdoekpapier



**KWARTAALIKSE BENODIGDHEDE:**

- 1 Pak lekkers – Smarties / Jelly Tots / Malvalekkers / Jelly Babies / Fizzers
- 1 Pak koekies – Mariebeskuitjies / Wafers / Tennisbeskuitjies / Vingerbeskuitjies

**SKRYFBEHOEFTES**:

**MERK ASSEBLIEF ALLE ONDERSTAANDE ITEMS DUIDELIK.**

- 1 Riem wit A4 fotostaatpapier
- 2 x Groot stafies Pritt
- 1 x Stomppuntskêrtjie
- 1 x Pak dik driehoekige vetkryte
- 1 x Pak dik driehoekvormige inkleurpotlode – **Staedtler**
- 1 x Pak uitdraai waskryte
- 2 x Toeknip A4 gekleurde sakkies
- 4 x Witbordpenne – Rooi / Blou / Geel / Groen
- 2 x Waterverf met 2 ekstra kwaste no. 6 en 8
- 1 x houer Ponal gom

